
# Fokus op soeke na kennis

Apr 13 2008 04:16:37:833PM - (SA)

Druk artikel
E-pos storie aan 'n vriend



Fritha Langerman se 10-200 um, linosnee, is een van die werke op haar ArtSpace-uitstalling.

Of Symmetries and Oxymorons: The Knowledge Chambers 2008 - Fritha Langerman
ArtSpace, Johannesburg
Bettie Lambrecht

Ek weet ek's nie in by die jong kunstenaars wat sê, 'Ek het 'n bier gaan drink. Dis my kunswerk' nie, erken Fritha Langerman.

Haar presies gekomponeerde sirkelvormige spieëls en uitgesnyde Supawood- en metaalstrukture, die "kerkbanke" waarop jy liefs nie wil sit nie en wat die kennis van die wêreld tot die 18de eeu bevat, is konseptueel, ja, maar tegelyk fyn vakmanskap. Fyn handewerk soos dié van die kunshandwerker.

Langerman se soeke na die raakpunte tussen kennis, verbeelding en fantasie het haar na van die wêreld se grootste denkers en denkstelsels geneem. Na die Google-soekenjin, die Franse filosoof Denis Diderot se 18de-eeuse Ensiklopedie en die Duitse Renaissance-kunstenaar Albrecht Dürer se Apokalips. Sy stel haar visuele voorstelling hiervan nou ten toon in die nuwe ArtSpace-galery in Parkwood uit. Dis voorheen reeds vertoon in Kaapstad.

Die werk is nie net slim nie. Dis tegelyk ook aards en sen-sueel, al oorheers die kop dalk net 'n aks te sterk in die meeste werke. 'n Kil kliniese gevoel spring sy egter vry as jy lank genoeg bly kyk om die spel met fantasie te herken. Soos veral in die juweel van 'n digitale druk op Hahnemuhlepapier, getiteld 1—200 um.

Langerman, 'n dosent in grafiese drukwerk aan die Michaelis-kunsskool in Kaapstad, is al goed beloon met kunspryse vir haar eiesoortige stellings: Haar ontginning van kennis, dié wat jy rasioneel opdoen en andersins; haar spel met paradokse en haar verset teen die neiging vandag wat abstrakte konsep bó die handgemaakte voorwerp en puntenerige aandag aan tegniek verhef.

Haar fokus op kennis, wat verband hou met sistematiese versameling daarvan in byvoorbeeld woordeboeke, ensiklopedieë en ander rasionele strukture, laat 'n mens aan Willem Boshoff dink. Ook aan Boshoff se spel met oopmaak en verskuiling van kennis. Dink maar aan sy Blinde alfabet. Albei se obsessie met vakmanskap, die tekstuur van materiaal, die manipulasie van materiaal as integraal deel van die "boodskap" val ook op.

Langerman onderskei haar egter deur amper obsessiewe simmetrie en georganiseerde "skoonheid", oftewel skaamtelose "sierlikheid" van haar motiewe. Jy hoef nie die betekenisse van vreemde woorde, die ingewikkeldheid van die rekenaarbrein, of die klassifikasiestelsel van 'n biblioteek of die wiskunde agter 'n Gotiese roosvenster te verstaan nie. Jy kan bloot die wolkerige wasigheid, die oneindige verwringing van patrone, soos dié in 'n kaleidoskoop, oor jou sinne laat streel.

Wiskunde, die matematiese presiesheid en verstommende wonder van die internet laat die wonder van die skepping in jou tril. Waar hou menslike denke, gevoel en verbeelding op? En waar begin die goddelikheid? Trouens, wat is goddelikheid? Die presies meetbare rasionaliteit van hierdie prestasies, of juis die speelsheid waarmee daar uit toevallige verbindings tussen lukraak-spelende elemente nuut geskep word?

Soos 'n sperm sy eier soek, so het Langermann se intik van woorde uit Diderot se Ensiklopedie op Google verrassende vondse opgelewer. Toe sy "ruiterkuns" intik, het cowboys op haar rekenaarskerm verskyn. Die woord "divination" het die I Ching opgelewer.

Eeue en breine van genieë uit verskillende kulture is deurmekaar geklits. Of was dit aardvorms wat tydens 'n organiese ontploffing nuutskeppings voortgebring het. Nuutskepping gebore uit 'n chaotiese oomblik, dis waarop die werklike Verligting (nie net van die 18de eeu of van die 20ste en 21ste eeue) gebaseer is. Om hierdie orde uit die chaos gaan dit ook in hierdie boeiende tentoonstelling.

Insgelyks onderstreep die manier waarop die werk tentoongestel word in die nuutontwerpte galery, die onderliggende struktuur: simmetrie, spieëlbeeld. Eweredigheid, verwringing.

Die werke aan weerskante van die twee lang wit mure van die galery gesels met mekaar. Stap jy by die silwer metaal en glasdeur/muur van die galery in, raak jy bewus van die doelbewuste teenstrydighede.

Kyk jy nader, sien jy die verwringing wat spieëling en weerkaatsing impliseer. In die geval nie verwringing van vorm nie, maar van klanke en woorde – soos daardie error-boodskap wat 'n rekenaardrukker soms uitspoeg in nonsensletters en krabbels.

Lees jy die woordverklarings in die meegaande katalogus verryk die talle ander betekenisse wat deur die eeue aan die woordspieël geklam het, jou belewenis. "Gereedskap van die duiwel, luukse item, optiese gereedskap, dekoratiewe bykomstigheid, nederige smuk-hulp."

Hierdie vermoë van die spieël het die opvatting van fisieke ruimte en idees oor die self verruim. Al het Middeleeuse denkers die spieël se krag om te verwring en trots en ydelheid te stimuleer, gevrees.

Weerkaatsing betrek 'n verandering van rigting van die ligstraal. Verandering van rigting, metafories gesproke, betrek insig, besluitneming, visie.

Dis waarom dit gaan in kennis opdoen. Maak nie saak van watter soort jy praat nie.

- Tot 26 April.